# OU TWEEDE EN DERDE NAAMVALLE

## (Naamvalle tussen hakies aangedui)

die begin(sel) der smarte (2)
brood der smarte eet (2)
byderhand (3)
destyds (2)
deserdae (2)
dermate (3)
desondanks (2)
desnoods (2)
desgelyks (2)
engel des ligs (2)
eersdaags (2)
enigsins (2)
goedskiks (2)
geensins (2)
goedsmoeds (2)
hedentendage (3)
inderdaad (3)
in der haas (3)
in der minne (3)
in der waarheid (3)
indertyd (3)
in dier voege (3)
in der ewigheid nie (3)
kind des doods (2)
kwelling des geestes (2)
langsamerhand (3)
met dien verstande (3)
met luider stem (3)
mettertyd (3)
metterdaad (3)
metterwoon vestig (3)
met voorbedagte rade (3)
myns insiens (2)
'n God der liefde (2)
na regte (3)
om den brode (3)
om liefdeswil (2)
onverrigtersake (3)
op heter daad (betrap) (3)
saans (2) (< des avonds)
smorens; soggens (2) (< des morgens; des ochtends)
smiddags (2) (< des middags)
bedags (2)
snags (2) (< des nachts)
sweet des aanskyns (2)
steen des aanstoots (2)
stem des roepende (2)
syns weegs (2)
syns ondanks (2)
te enige tyd (2)
te gronde gaan (3)
(hier) te lande (3)
te berde bring (3)
te bekwamer tyd (3)
te geleëner tyd (3)
te kwader ure (3)
te goeder trou (3)
te middernag (3)
ter ruste lê (3)
ten onder gaan (3)
ten goede kom (3)
ten onregte (3)
ten huwelik (gee) (3)
ten regte (3)
ten lange laaste (3)
ten eerste (3)
ten laaste (3)
ten slotte (3)
ten einde (3)
ten strengste (3)
ten behoewe van (3)
ten gunste van (3)
ten huise van (3)
ten koste van (3)
ten aansien van (3)
ten nutte van (3)
ten noorde van (3)
ten spyte van (3)
ten gevolge van (3)
ten opsigte van (3)
ten voordele van (3)
ten nadele van (3)
ter dood veroordeel (3)
terdeë (3)
ter elfder ure (3)
ter insa(g)e (3)
ter harte neem (3)
ter sprake (kom) (3)
ter selfdertyd (3)
ter hand stel (3)
ternouernood (3)
terloops (3)
ter tafel lê (3)
ter plaatse (3)
ter sake (3)
ter aarde bestel (3)
te(r) leen gee (3)
tot walgens toe (2)
tot vervelens toe (2)
tot sat wordens toe (2)
uitermate (3)
wel ter tale (3)

# SINONIEME (suiwer Afrikaanse woorde)

| | |
|---|---|
| abstrakte | **afgetrokke** |
| admireer | **bewonder** |
| admissie | **toegang** |
| adviseer | **aanraai** |
| akkuraat | **presies** |
| aksent | **klem** |
| akteur | **toneelspeler** |
| amuseer | **vermaak** |
| anargie | **wanorde** |
| anoniem | **naamloos** |
| apparaat | **toestel** |
| applous | **toejuiging** |
| apologie | **verskoning** |
| applikasie | **aansoek** |
| appresieer | **waardeer** |
| arrangeer | **rangskik** |
| argument | **redenering** |
| aroma | **geur** |
| arriveer | **aankom** |
| astronomie | **sterrekunde** |
| attensie | **aandag** |
| bakterie | **kiem** |
| balans | **oorskot** |
| baseer | **grondves** |
| biblioteek | **boekery** |
| biografie | **lewensbeskrywing** |
| botanie | **plantkunde** |
| chemie | **skeikunde** |
| debiteur | **skuldenaar** |
| definisie | **omskrywing** |
| dekorasie | **versiering** |
| demokrasie | **volksregering** |
| deserteer | **verlaat; oorloop** |
| destinasie | **bestemming** |
| destruksie | **verwoesting** |
| dialoog | **samespraak** |
| diskussie | **bespreking** |
| dissipline | **tug; orde** |
| distansie | **afstand** |
| direksie | **rigting** |
| dokter | **geneesheer** |
| dominee | **leraar** |
| donasie | **gif** |
| edisie | **uitgawe** |
| edukasie | **opvoeding** |
| eggo | **weerklank** |
| ekskuseer | **verskoon** |
| ekspedisie | **tog** |
| eksperiment | **proefneming** |
| ekspert | **deskundige** |
| ekwator | **ewenaar** |
| eleksie | **verkiesing** |
| emosie | **aandoening** |
| essensieel | **noodsaaklik** |
| ewolusie | **ontwikkeling** |
| fameus | **beroemd** |
| felisiteer | **gelukwens** |
| figuurlik | **oordragtelik** |
| filosofie | **wysbegeerte** |
| finansieel | **geldelik** |
| fisika | **natuurkunde** |
| forseer | **dwing** |
| fotograaf | **afnemer** |
| garage | **motorhuis** |
| geografie | **aardrykskunde** |
| geologie | **aardkunde** |
| grammatika | **spraakkuns** |
| higiëne | **gesondheidsleer** |
| historiese | **geskiedkundige** |
| honorêr | **eervol; ere-** |
| horison | **gesigseinder** |
| humaan | **mensliewend** |
| idee | **denkbeeld** |
| importeer | **invoer** |
| impressie | **indruk** |
| illustreer | **ophelder** |
| industrie | **nywerheid** |
| intellektueel | **verstandelik** |
| intens | **hewig; kragtig** |
| interesse | **belang** |
| insident | **gebeurtenis** |
| inspirasie | **besieling** |
| irrigasie | **besproeiing** |
| katastrofe | **ramp** |
| kolleksie | **versameling** |
| komedie | **blyspel** |
| kompensasie | **vergoeding** |
| kompetisie | **mededinging** |
| konflik | **stryd; botsing** |
| konfidensieel | **vertroulik** |
| konklusie | **gevolgtrekking** |
| konsonant | **medeklinker** |

| | |
|---|---|
| konstruksie | **bou; samestelling** |
| kontinent | **vasteland** |
| konwersasie | **gesprek** |
| ko-operasie | **medewerking** |
| kopie | **eksemplaar** |
| korrespondensie | **briefwisseling** |
| krediteur | **skuldeiser** |
| kritiseer | **beoordeel** |
| kurrikulum | **leerplan** |
| kwantiteit | **hoeveelheid** |
| kwitansie | **voldaan; bewys** |
| leksikon | **woordeboek** |
| literatuur | **letterkunde** |
| marmelade | **lemoenkonfyt** |
| matesis | **wiskunde** |
| medium | **middel** |
| menagerie | **dieretuin** |
| metode | **wyse; leerwyse** |
| modern | **nuwerwets** |
| molesteer | **hinder; pla** |
| moment | **oomblik** |
| moreel | **sedelik** |
| motief | **dryfveer** |
| munisipaliteit | **stadsraad; dorpsraad** |
| neutraal | **onpartydig; onsydig** |
| objeksie | **beswaar** |
| okkasie | **geleentheid** |
| opponent | **teenstander** |
| ordinêre | **gewone** |
| oudiënsie | **gehoor** |
| outeur | **skrywer** |
| paraffien | **lampolie** |
| parlement | **volksraad** |
| patriotisme | **vaderlandsliefde** |
| periode | **tydperk** |
| permissie | **verlof** |
| piano | **klavier** |
| polisieman | **diender** |
| populasie | **bevolking** |
| pos | **betrekking** |
| posisie | **stelling; plek** |
| prefereer | **verkies** |
| premier | **eerste minister** |
| prinsiep | **beginsel** |
| prinsipaal | **hoofonderwyser** |
| probleem | **vraagstuk** |
| produkte | **voortbrengsels** |
| professie | **beroep** |
| professor | **hoogleraar** |
| profyt | **wins** |
| progressief | **vooruitstrewend** |
| prominent | **vooraanstaande** |
| publiseerder | **uitgewer** |
| rapport | **verslag** |
| realiseer | **besef** |
| rebel | **opstandeling** |
| rebellie | **opstand** |
| reformasie | **hervorming** |
| rekommendeer | **aanbeveel** |
| rekruut | **nuweling** |
| repareer | **herstel** |
| repliseer | **antwoord** |
| reserveer | **bespreek** |
| resignasie | **bedanking** |
| resultaat | **uitslag; gevolg** |
| rewolusie | **omwenteling** |
| ruïne | **bouval; puinhoop** |
| satisfaksie | **bevrediging** |
| sillabe | **lettergreep** |
| simpatie | **meegevoel** |
| sisteem | **stelsel** |
| soölogie | **dierkunde** |
| subskripsie | **intekengeld** |
| subsituut | **plaasvervanger** |
| suppressie | **onderdrukking** |
| suspisie | **agterdog** |
| teleskoop | **verkyker** |
| temperatuur | **warmtegraad** |
| tragedie | **treurspel** |
| tragiese | **treurige** |
| vokaal | **klinker** |

# HOMONIEME

**berei:** prepareer; klaarmaak
**bery:** ry
**bleik:** laat wit word
**blyk:** duidelik word
**bod; bot:** aangebode geldsom
**bot:** soort vis; bot aan boom
**bond:** verbond of verdrag
**bont:** veelkleurig; gevlek; deurmekaar (menigte)
**boordjie:** kledingstuk om die nek gedra
**boortjie:** klein boor, d.w.s. 'n stuk gereedskap
**bord:** swartbord; ding om uit te eet
**bort:** ligte vorm van cholera; donker soort diamant
**boud:** agterste dik liggaamsdeel
**bout:** ysterstaaf met moer
**bry:** manier van praat
**brei:** 'n sportspan afrig; diervelle bewerk; kouse brei (met penne maak)
**dokter:** geneesheer
**doktor:** hoogste akademiese graad
**eed:** bv. 'n eed aflê in die hof
**eet:** bv. kos eet
**eik:** soort boom
**yk:** mate en gewigte van staatsweë ondersoek en merk
**eis:** verlange; vordering
**ys:** bevrore water
**end; ent:** einde; uiterste grens
**ent:** bv. bome ent; beeste ent
**faal:** te kort skiet; misluk
**vaal:** n askleur; ligbruin
**faam:** reputasie; roem
**vaam:** lengtemaat van 6 voet
**fat:** modegek; windmaker
**vat:** vashou; vaatjie; neem
**fee:** vroulike goeie gees (in sprokies)
**vee:** diere, veral skape en beeste
**feil:** gebrek; fout; faal; mistas
**veil:** in die openbaar verkoop; jou lewe veil hê — gereed wees om jou lewe op te offer
**fel:** hewig; skerp; sterk
**vel:** huid; blad papier
**fier:** vol regmatige trots
**vier:** feestelik deurbring; herdink; 'n getal
**fonds:** geld; geld vir 'n bepaalde doel versamel; kapitaal
**vonds:** ontdekking
**gids:** wegwyser; adresboek
**gits:** 'n uitroep (= my aarde!)
**graad:** universiteitstitel; rang of trap; 360e deel van 'n sirkel; gedeelte van 'n skaalverdeling
**graat:** visbeen
**haal:** na 'n plek bring; bereik; verkry
**hael:** yskorrels; loodkorrels
**kruid:** spesery; gewas met sapagtige stingel
**kruit:** springstof (bv. in koeëls)
**leier:** persoon wat lei, bestuur
**lyer:** persoon wat verdra, swaarkry, pyn verduur

**lid:** beweegbare deel van die liggaam; persoon wat deel uitmaak van kring of vereniging
**lit:** gewrig; die lit van rietplante

**lood:** 'n sagte metaal; koeëls
**loot:** nakomeling; jong tak; lootjies-trek

**luid:** hard klinkend
**luit:** tokkel-instrument met vier of meer snare en 'n peervormige klankbank

**mied of miet:** hoop (gerwe, hooi)
**miet:** klein insek (in meel bv.)

**mild:** sag; ruim; gul
**milt:** sagte orgaan links aan die maag

**moed:** dapperheid
**moet:** indruk, litteken; verplig wees (om iets te doen)

**nood:** dwang; ellende; vrees; gebrek; behoefte
**noot:** musiekgeluid; papiergeld

**pand:** sekuriteit; waarborg
**pant:** punt (van manel bv.)

**peil:** standaard; hoogtemerk; peil trek op = staatmaak op
**pyl:** dun stokkie vir die skiet met 'n boog

**pond:** Britse munteenheid
**pont:** platboom-vaartuig om rytuie oor water te vervoer

**raad:** aanbeveling hoe iets gedoen moet word; gekose liggaam
**raat:** middel; hulp

**rei:** koor(sang)
**ry:** bv. Ek ry op 'n perd

**reier:** moerasvoël met lang bene
**ryer:** persoon wat ry.

**reik:** aangee; uitstrek tot; grens aan
**ryk:** welgesteld; kosbaar

**reis:** tog; rondgaan
**rys:** tropiese graansoort; hoër word; styg; duurder word

**seine:** sinjale; wenke
**syne:** wat aan hom behoort

**skud:** skommel
**skut:** skutter; skerm; plek waar verloopte vee gehou word teen 'n losprys

**stad:** groot dorp
**stat:** kafferdorp

**steil:** baie skuins op of af; reguit (van hare)
**styl:** skryf-, skilder-, boutrant; manier waarop mens iets uitvoer; stut of pilaar; gedeelte van die stamper van 'n blom

**swaar:** van groot gewig
**swaer:** eggenoot van 'n suster

**tand:** beentjie in die kaak om mee te kou; pen eg, ens.; uitsteeksel van 'n kamrat
**tant(e):** suster van vader of moeder

**veld:** onbeboude grond
**velt:** deurmekaar gewerkte wolvesels of hare

**veil:** in die openbaar verkoop; gereed om te offer
**vyl:** 'n stuk gereedskap; gladmaak

**vereis:** vorder; vra
**verys:** vas ys; bevrore word

**vermei:** verlustig; vermaak
**vermy:** ontwyk

**vlei:** flikflooi
**vly:** neergooi; naas mekaar stik of voeg

| | | | |
|---|---|---|---|
| **voed:** | voedsel gee; onderhou; aanwakker | **wei:** | graas; vreet |
| **voet:** | liggaamsdeel; onderste gedeelte van iets (bv tafel); lengte-eenheid | **wy:** | toewy, gee, offer; godsdienstig inseën |
| **wand:** | muur | **weier:** | afwys; onwillig wees; nie afgaan nie (van 'n koeël) |
| **want:** | omdat; aangesien | **wyer:** | tweede trap van „wyd" |
| **wed:** | weddenskap aangaan | **wydte:** | breedte |
| **wet:** | vaste reëls of voorskrifte | **wyte:** | te wyte aan = veroorsaak deur |

# ANTONIEME

(L.W. Alternatiewe word nie aangegee nie.)

| | |
|---|---|
| aanneem | **verwerp** |
| aanraai | **afraai** |
| aanstel | **ontslaan** |
| agterdog | **vertroue** |
| anderkant | **duskant** |
| behoeftig | **bemiddeld** |
| beken | **ontken** |
| beroemd | **berug** |
| bevestigend | **ontkennend** |
| blaarloos | **lommerryk** |
| blydskap | **droefheid** |
| bloei | **kwyn** |
| boeiend | **vervelend** |
| bouvallig | **stewig** |
| dwerg | **reus** |
| eb | **vloed** |
| eenvoudig | **ingewikkeld** |
| eerbied | **minagting** |
| egois | **altruïs** |
| erns | **luim** |
| gebrek | **oorvloed** |
| geestelik | **liggaamlik** |
| geestig | **droog** |
| geset | **skraal** |
| geveins | **opreg** |
| gewillig | **onwillig** |
| goedkeur | **afkeur** |
| grondig | **oppervlakkig** |
| guns | **onguns** |
| helder (water) | **troebel** |
| helder (lug) | **betrokke** |
| helder (verstand) | **benewelde** |
| hoogmoedig | **nederig** |
| hoop | **wanhoop** |
| horisontaal | **vertikaal** |
| inheems | **uitheems** |
| inkomste | **uitgaaf** |
| kennis | **onkunde** |
| kompetisie | **koöperasie** |
| konkreet | **abstrak** |
| konserwatief | **progressief** |
| kortstondig | **langdurig** |
| kragdadig | **lydsaam** |
| krimp | **rek** |
| lafaard | **held** |
| lafhartig | **heldhaftig** |
| letterlike (vertaling) | **vrye** |
| letterlike (betekenis) | **figuurlike** |
| lui | **fluks** |
| maklik | **moeilik** |
| minderheid | **meerderheid** |
| mis | **raak** |
| mismoedig | **blymoedig** |
| modern | **ouderwets** |
| mondig | **minderjarig** |
| nageslag | **voorgeslag** |
| neerslagtig | **opgeruimd** |
| onbeskof | **beleefd** |
| ontmoedig | **bemoedig** |
| oorlog | **vrede** |
| oorsaak | **gevolg** |
| oorwinning | **nederlaag** |
| opbouende | **afbrekende** |
| opsioneel | **verpligtend** |
| optimisties | **pessimisties** |
| orals | **nêrens** |
| orde | **wanorde** |
| praat | **swyg** |
| rykdom | **armoede** |
| seldsaam | **alledaags** |
| siek | **gesond** |
| skriftelik | **mondeling(s)** |
| stedelik | **landelik** |
| stil (straat) | **woelig** |
| styging | **daling** |
| suinig | **vrygewig** |
| teoreties | **prakties** |
| te wyte aan | **te danke aan** |
| tragies | **komies** |
| tydelik | **permanent** |
| uitgebreide | **beperkte** |
| vals (vriend) | **opregte** |
| verbeter | **versleg** |
| vergroot | **verklein** |
| verminder | **vermeerder** |
| verwaand | **beskeie** |
| vet | **maer** |
| vinnig | **langsaam** |
| volop | **skaars** |
| voordeel | **nadeel** |
| voorstander | **teenstander** |
| vreugde | **verdriet** |
| vriend | **vyand** |
| weifelend | **beslis** |
| weier | **toestaan** |

# WOORDPARE

## (Stam- en sinverwante woorde en ander woordpare.)

| | |
|---|---|
| **aanbod:** | Die aanbied-handeling, bv. Ek het sy **aanbod** om my te help van die hand gewys. Sowel vraag as **aanbod** wissel gedurig. |
| **bod:** | Die aangebode geldsom, bv. Sy **bod** was die hoogste op die vandisie. |
| **offer:** | Offerande, bv. Die heidene het die **offer** na die bebloede altaar gesleep en keelafgesny. |
| **ander:** | Party is hier, maar ek kan die **ander** nie kry nie. |
| **andere:** | Daar was onder **ander(e)** twee muile op die vandisie. Ek gevoel my, ten **andere,** verplig om te gaan. |
| **anders:** | Maak gou, **anders** is jy laat. Wil jy iets **anders** hê? Jy lyk nou **anders.** |
| **ambag:** | Beroep, bv. Seuns gaan soms na 'n ambagskool om 'n **ambag** soos skrynwerkery, ens. te leer. |
| **amp:** | Pos, bv. Die moderator beklee 'n hoë kerklike **amp.** |
| **afdank:** | Uit diens ontslaan, bv. Die winkelier het die oneerlike klerk **afgedank.** |
| **bedank:** | Ontslag neem, bv. Die tikster het **bedank,** omdat sy gaan trou. |
| **agterlaat:** | Laat agterbly, bv. Die springbok het die honde ver **agtergelaat.** |
| **nalaat:** | Verwaarloos, bv. Moenie **nalaat** om jou pligte getrou uit te voer nie. |
| **amptenaar:** | 'n Siviele **amptenaar** beklee 'n regeringspos. |
| **beampte:** | 'n Diender is 'n **beampte** van die wet. |
| **agterlik:** | Agter in geestelike ontwikkeling, bv. Hy was so **agterlik** dat hy nie vir die eksamen kon slaag nie. |
| **agterwaarts:** | Agteruit, bv. Hy het twee tree **agterwaarts** gestap. |
| **afkeer:** | Weersin, bv. Hy het 'n **afkeer** van drank. Jy moet die water **afkeer** na die mielieland toe (in 'n ander rigting keer). |
| **afkeur:** | Nie goedkeur nie, bv. Hy het my handelwyse **afgekeur.** |
| **bewusteloos:** | Van die hou oor die kop het hy **bewusteloos** neergeval (d.w.s. in 'n floute). |
| **onbewus:** | Nie bewus, bv. Ek was **onbewus** van sy teenwoordigheid. |

**beroep:** Ek doen 'n **beroep** op jou om my te help. Die predikant het die **beroep** na 'n ander gemeente bedank. Van **beroep** is hy 'n advokaat.

**roeping:** Jy het jou **roeping** gemis, want jy moes 'n predikant gewees het (d.w.s. die werkkring waarvoor jy deur bekwaamheid die meeste geskik is.)

**begeerlik:** 'n Lekker huisie aan die strand is **begeerlik** (d.w.s. wat die begeerte opwek).

**begerig:** Ons is **begerig** om ook te help (d.w.s. vol begeerte).

**besonder:** Die klankprent was **besonder** interessant.

**besonders:** Ek het vandag niks **besonders** om te doen nie.

**beul:** 'n Laksman, bv. Die **beul** onthoof die moordenaar. Die seun is 'n **beul,** want hy knou die klein seuntjies af (d.w.s. 'n wreedaard of bullebak).

**beuel:** Hy blaas op sy **beuel.** Die **beuel** van 'n geweer beskerm die sneller.

**bloot:** Eenvoudig, bv. Hy het dit **bloot** uit nuuskierigheid gevra.

**bloots:** 'n Perd **bloots** ry, d.w.s. sonder saal. Brandewyn **bloots** drink, d.w.s. sonder iets by.

**besit:** Dit het in my **besit** gekom.

**besitting:** Hierdie mes is my **besitting** (d.w.s. eiendom).

**bloedig:** Jou **bloedig** vererg. 'n **Bloedige** geveg. Die **bloedige** son.

**bloederig:** 'n **Bloederige** stuk vleis. (d.w.s. vol bloed).

**bebloed:** Hy het sy **bebloede** hande afgewas (d.w.s. bedek met bloed).

**beskryf:** 'n Sirkel **beskryf.** 'n Natuurtoneel **beskryf.**

**omskryf:** Verklaar, bv. die betekenis van 'n woord **omskryf.**

**beminlik:** Werd om bemin te word, bv. 'n Dogtertjie het 'n **beminlike** natuur.

**minsaam:** Vriendelik, bv. Die man is **minsaam** in die omgang.

**bedoel:** Wat **bedoel** jy? Hy **bedoel** dit goed.

**beteken:** Wat **beteken** daardie woord. Vir hierdie soort werk **beteken** hy niks.

**meen:** Ek **meen** dit. Ek **meen** dat ek jou gesê het. Ek **meen** om more te vertrek.

**denkbaar:** Dit is nie **denkbaar** dat so 'n slim seun kan druip nie (d.w.s. moontlik om te dink).

**denklik:** **Denklik** het Piet in die digte bos verdwaal (d.w.s. waarskynlik, vermoedelik).

**darem:** Hy is **darem** 'n gawe kêrel.

**daarom:** Hy is siek; **daarom** bly hy in die bed.

**daagliks:** Ons melk word **daagliks** afgelewer (d.w.s. elke dag).
**alledaags:** Dat mense snags snork is 'n **alledaagse** verskynsel (d.w.s. baie gewoon).

**buigbaar:** 'n Stuk draad is **buigbaar** (d.w.s. kan gebuig word).
**buigsaam:** Die rottang is **buigsaam** (d.w.s. wat maklk gebuig kan word).

**belofte:** Wat beloof is, bv. Hy het sy **belofte** om te help nagekom.
**gelofte:** Plegtige belofte, bv. Die Voortrekkers het 'n **gelofte** gemaak om 'n kerk te bou, indien hulle die oorwinning behaal.

**begin:** Aan die **begin** was die werk moeilik.
**beginsel:** Oortuiging, bv. Dis teen sy **beginsels** om te lieg.

**beoordeel:** kritiseer, bv. Die boek is gunstig **beoordeel.**
**veroordeel:** Vonnis uitspreek, bv. Die moordenaar is tot die dood **veroordeel.**

**bo-op:** Die man staan **bo-op** die klip.
**boonop:** Daarby, bv. **Boonop** is hy gestraf ook.

**berug:** Die **berugte** dief is betrap (d.w.s. ongunstig bekend).
**beroemd:** Vermaard, bv. Napoleon was 'n **beroemde** krygsbevelhebber.

**bediende:** 'n **Bediende** werk in 'n huis, 'n kafee of 'n winkel.
**dienaar:** U dienswillige **dienaar** . . . 'n Man se **dienaar** is iemand wat hom persoonlik met alles bedien
**diender:** Konstabel, bv. Die **diender** het die dief geboei
**diensbode:** 'n **Diensbode** werk in die huis.
**dienskneg:** 'n **Dienskneg** is 'n bediende, manlike geslag.
**diensmeid:** 'n **Diensmeid** is 'n kaffer- of kleurlingbediende, vroulike geslag.
**diensmeisie:** 'n **Diensmeisie** is 'n wit bediende, vroulike geslag.

**beantwoord:** Antwoord gee op, bv. 'n Vraag, brief, spreker, of heildronk **beantwoord.** Mielies **beantwoord** hier goed (d.w.s. groei).
**verantwoord:** Rekenskap gee, bv. Daardie stout seun het veel te **verantwoord.**

**bespreek:** 'n Boek of sitplekke **bespreek.** 'n Seer tand **bespreek** (d.w.s. pyn verwyder deur uiting van 'n formule).
**verspreek:** Jy **verspreek** jou as jy 'n geheim verklap, verkeerd praat, of meer sê as wat raadsaam of wenslik is.

**draagbaar:** Die klip is baie swaar, maar tog **draagbaar** (d.w.s. kan gedra word).
**draaglik:** Uitstaanbaar, bv. Die pyn is vandag weer **draaglik.**

| | |
|---|---|
| **deels:** | Die pad is **deels** goed, deels sleg. |
| **gedeeltelik:** | Vir 'n gedeelte, bv. Ons het die land **gedeeltelik** omgeploeg. |
| **duisterheid:** | Onduidelikheid, bv. **Duisterheid** van styl doen afbreuk aan sy boek. |
| **duisternis:** | 'n Groot menigte, bv. 'n **Duisternis** van mense. Ek het verdwaal in die **duisternis** (d.w.s. donker). |
| **dodelik:** | Wat die dood veroorsaak, bv. Die soldaat was **dodelik** gewond. **Dodelike** angs of 'n **dodelike** gif. |
| **dooierig:** | met min lewe, bv. Die **dooierige** seun werk niks; hy sit sommer. |
| **doods:** | Baie stil; eensaam, bv. 'n **Doodse** plek. 'n **Doodse** stilte. |
| **eindig:** | 'n End kry; ophou, bv. Die storie **eindig** op bl. 75. |
| **beëindig:** | Tot 'n end bring, bv. Die verrrigtinge is **beëindig** met 'n gebed. |
| **eindelik:** | Hy het na ses maande **eindelik** my brief beantwoord (d.w.s. op die ou end; ten laaste). |
| **eintlik:** | Werklik, bv. Ek weet nie **eintlik** waar hy woon nie. |
| **eerlik:** | Nie gewillig om te steel of lieg nie, bv. Die **eerlike** seun het die geld wat die dame laat val het, aan haar teruggegee. |
| **eervol:** | met eer, bv. Die soldaat het 'n **eervolle** ontslag gekry. |
| **eersaam:** | Deugsaam; fatsoenlik, bv. Hy is 'n **eersame** lid van die gemeenskap. |
| **eerbaar:** | Kuis; rein, deugsaam, bv. Van 'n **eerbare** persoon kan jy niks slegs sê nie. |
| **grondig:** | Deeglik, diepgaande, bv. Hulle het 'n **grondige** ondersoek ingestel. |
| **gegrond:** | Op goeie grond rustende, bv. Ek het **gegronde** redes gehad om dit te doen. |
| **grootheid:** | Ek het die **grootheid** van die taak onderskat |
| **grootte:** | Omvang, bv. Ek wil die **grootte** van die kamer meet. |
| **gradueer:** | In grade deel, bv. 'n Buis van 0° – 100° **gradueer**. 'n Student **gradueer** (d.w.s. 'n graad behaal). |
| **gradeer:** | Klassifiseer, bv. Die eiers moet in klasse **gradeer** word. |
| **gebreklik:** | Mismaak, bv. Die **gebreklike** kind kan nie loop nie. |
| **gebrekkig:** | Onvolkome, bv. Sy kennis van die onderwerp is **gebrekkig**. |

| | |
|---|---|
| **geestig:** | Luimig, bv. Sy **geestige** toespraak het almal laat lag. |
| **geestelik:** | Verstandelik, bv. **geestelike** ontwikkeling. Godsdienstig, bv. Die predikant sorg vir die **geestelike** welsyn van die gemeente. |
| **geldelik:** | Betreffende geld bv. Die tesourier bestuur die **geldelike** sake van 'n klub. |
| **geldig:** | Van krag; wettig, bv. Hierdie wet is nie meer **geldig** nie. |
| **gesag:** | Outoriteit, bv. Hy kan met **gesag** praat oor die onderwerp, want hy het dit jarelank bestudeer. |
| **ontsag:** | Respek, bv. Hy het geen **ontsag** vir sy ouers nie. |
| **geskil:** | Rusie; twis, bv. Hy het die **geskil** tussen die twee broers besleg. |
| **verskil:** | Onderskeid, bv. Ek kan nie die **verskil** tussen die twee vulpenne sien nie. |
| **geheim:** | Verborge, bv. Hy het die **geheime** vergadering bygewoon. |
| **geheimsinnig:** | Duister; onverklaarbaar, bv. 'n **geheimsin-nige** besoek aflê. |
| **gemeen:** | Veragtelik, bv. **gemene** spel in 'n wedstryd. 'n **Gemene** s.nw. (d.w.s. gewone) |
| **gemeensaam:** | Vertroulik, bv. Die twee het ewe **gemeensaam** gesit en praat. |
| **gemeente:** | Kerkgenootskap, bv. Die dominee besoek al die lede van sy **gemeente.** |
| **gemeenskap:** | 'n Groep persone wat saam in 'n dorp of streek woon, bv. Sy dood was 'n skok vir die hele **gemeenskap.** Gesamentlike besit, bv. met **gemeenskap** van goedere trou. |
| **gedurig:** | Aanhoudend, bv. Die twee honde baklei **gedurig.** |
| **langdurig:** | wat lank aanhou, bv. 'n **langdurige** droogte. |
| **gawe:** | 'n Talent, bv. Om mooi te kan sing is 'n **gawe.** |
| **gif:** | Present; geskenk, bv. 'n **gif** van £100 ontvang. |
| **gevoelig:** | Ontvanklik; prikkelbaar; swaar, bv. die vyand **gevoelige** verliese toedien. |
| **gevoelvol:** | Vol gevoel, bv. **gevoelvolle** musiek. |
| **geval:** | Daar was twee **gevalle** van masels in die dorp. |
| **voorval:** | Gebeurtenis, bv. Gedurende die wedstryd het daar 'n onaangename **voorval** plaasgevind. |
| **gehoor:** | Vermoë om te hoor, bv. Sy **gehoor** is sleg. Toehoorders, bv. Die **gehoor** het verruk na die mooi musiek geluister. |
| **verhoor:** | Ondervraging om die waarheid vas te stel, bv. Die **verhoor** vind more in die hof plaas. |

**gemiddeld:** Wat in die middel lê, bv. Daar was **gemiddeld** 300 mense teenwoordig.
**bemiddeld:** Ryk, bv. 'n bemiddelde boer.

**gevolg:** Resultaat, bv. Hy het uit die boom geval met die **gevolg** dat hy sy been gebreek het.
**uitslag:** Afloop, bv. Die **uitslag** van die eksamens is nog nie bekend nie.

**gepas:** Geskik, bv. Hy het 'n **gepaste** antwoord gegee. Vul die sinne aan met 'n **gepaste** woord.
**paslik:** Dit hoort so, bv. Dis **paslik** dat oom Daan die diens waarneem, want hy is 'n ouderling.

**gelede:** Twee jaar **gelede.**
**verlede:** **Verlede** week; **verlede** tyd.

**gevolglik:** Derhalwe, bv. Hy is siek; **gevolglik** kom hy nie.
**vervolgens:** Daarna, bv. Die dominee het eers gelees; **vervolgens** het hy gebid.
**vervolg:** Wat volg, bv. Die **vervolg** het ek nog nie gelees nie. Toekoms, bv. In die **vervolg** moet jy harder werk.

**gedienstig:** Diensvaardig, bv. Die **gedienstige** kruier het al ons bagasie in die kompartement gesit.
**dienswillig:** Gehoorsaam, bv. U **dienswillige** dienaar . . .
**diensbaar:** Bruikbaar, bv. Dis nog 'n **diensbare** jas. 'n Volk **diensbaar** maak (d.w.s. onderwerp).

**heftig:** Driftig, vurig, bv. 'n **heftige** debat of rusie.
**hewig:** Geweldig; swaar, bv. 'n **hewige** stryd, droogte, pyn, reën, ens.

**hoofde:** koppe; leiers; persone wat aan die hoof van iets staan, bv. **hoofde** van skole, departemente, ens.; hy sit met sy **hoof** vooroor gebuig.
**howe:** Paleise; regsprekende liggame; tuine, bv. Diewe kom in **howe** voor. Konings woon in **howe.** Blomme word in **howe** gekweek.

**houterig:** Lomp; onhandig, bv. 'n **houterige** persoon.
**houtagtig:** Soos hout, bv. die **houtagtige** vesels van die vlasstengels.

**hoeveelheid:** Gedeelte, bv. Hy gooi 'n klein **hoeveelheid** van die medisyne in 'n lepel.
**aantal:** 'n Onbepaalde klomp, bv. 'n **Aantal** van die skape is siek.
**getal:** Syfer, bv. 'n ewe **getal;** 'n gemengde **getal;** hy het die regte **getal** neergeskryf.

**herinnering:** Die terugroep in die gedagte; aandenking; gedagtenis, bv. ter **herinnering** aan; dit leef nog in my **herinnering**; soete **herinrings**/ 'n aangename **herinnering** aan die die verlede.

**herdenking:** Gedagtenisviering, bv. 'n plegtigheid ter **herdenking** aan iets.

**aandenking:** Voorwerp wat aan iemand of iets laat dink, bv. Ek het 'n **aandenking** aan my besoek aan Londen gekoop. Gedagtenis, bv. iemand in geseënde **aandenking** hou.

**gedagtenis:** Die voortbestaan in die gedagtes; soewenier, bv. 'n grafsteen oprig ter **gedagtenis** aan 'n afgestorwene. By sy vertrek het hy my 'n **gedagtenis** aan sy besoek gegee. Jy moet wat ek jou sê, in **gedagtenis** hou.

**Indies:** Wat by of van Indië is, bv. die **Indiese** Oseaan, **Indiese** state, gewoontes, ens.

**Indiaans:** Wat van of soos 'n Indiaan is, bv. 'n **Indiaanse** strydbyl uit Noord-Amerika.

**ingenome:** Besonder bly met, bv. Die seun is baie **ingenome** met sy nuwe fiets.

**opgenome:** Wat opgetel is, bv. Hy het die **opgenome** boek weer op die tafel neergesit.

**inteendeel:** Jan is nie dom nie; **inteendeel**, hy is besonder slim.

**daarenteë:** Jan is dom; Piet, **daarenteë**, is slim.

**ideale:** Volmaakte, bv. Vir sommige is 'n besoek aan die see 'n **ideale** vakansie.

**ideële:** Denkbeeldige, bv. 'n Draak is 'n **ideële** dier.

**kosbaar:** Wat baie kos, bv. Sy dra 'n **kosbare** ring.

**kostelik:** Voortreflik; heerlik; pragtig, bv. 'n **kostelike** geleentheid, staaltjie, grap, ens.

**knetter:** Krakende, kort op mekaar volgende klanke, bv. 'n vuur of gewere **knetter**.

**kletter:** 'n Kort skerp geluid, bv. Hael **kletter** op die dak.

**kwaad:** Boos op, bv. Hy is **kwaad** vir my.

**kwaai:** Boosaardig, bv. 'n **kwaai** hond.

**koud:** Nie warm nie, bv. Die koffie is **koud**.

**kou(e)lik:** Gevoelig vir koue, bv. 'n **Koulike** mens soek gedurig na hitte.

**kouerig:** 'n Bietjie koud, bv. Daar waai 'n **kouerige** wind.

**klassiek:** Behorende tot die ou Romeinse of Griekse kuns of literatuur, bv. 'n **klassieke** drama.

**klassikaal:** Vir die hele klas, bv. **klassikale** onderwys.

**kinderlik:** Onskuldig soos 'n kind; onbedorwe, bv. **kinderlike** vertroue.

**kinderagtig:** Laf, soos van 'n kind en nie van 'n volwassene verwag kan word nie, bv. die **kinderagtige** gedrag van daardie ou man.

**kinds:** Verswak van begrip, bv. Van ouderdom is sy al heeltemal **kinds.**

**klant:** 'n Vaste koper, bv. Die winkelier verkoop aan sy **klante.**

**kliënt:** Iemand wie se saak deur 'n prokureur of advokaat bepleit word, bv. Die advokaat laat sy **kliënt** duur betaal.

**kweek:** Laat groei, bv. Groente **kweek.**

**groei:** Groter word; opskiet, bv. Dié bome **groei** gou.

**kies:** Keurig; nie morsig nie, bv. **kies** taal gebruik.

**kuis:** Rein; fatsoenlik, bv. **kuis** gedrag.

**komies:** Snaaks; wat die lagspiere prikkel, bv. 'n **komiese** voorval.

**komiek:** Koddig; eienaardig, bv. 'n **komieke** uitdrukking op sy gesig.

**kenbaar:** Herkenbaar, bv. Die plant is **kenbaar** aan sy eienaardige soort blaar.

**kenlik:** Goed waarneembaar of sigbaar, bv. Hy het my **kenlik** geïgnoreer.

**kroon:** 'n Koning dra 'n **kroon.** Die **kroon** van 'n boom (d.w.s. die boonste gedeelte).

**kruin:** Boonste gedeelte, bv. die **kruin** van 'n berg of brander.

**keu:** Biljartstok, bv. 'n Mens speel biljart met 'n **keu.**

**kieu:** Asemhalingsorgaan van waterdiere, bv. 'n Vis haal asem deur middel van sy **kieue.**

**leeg:** Geen inhoud bevattend, bv. Die bottel is **leeg.**

**ledig:** Nie iets te doen hê nie, bv. **ledige** tyd.

**loën:** Ontken, bv. Toe ek hom sê dat hy 'n dief was, het hy dit **geloën.**

**loënstraf:** Die onwaarheid van iets laat sien, bv. Jou dade **loënstraf** jou woorde.

**leergierig:** Begerig om te leer, bv. 'n **leergierige** seun.

**leersaam:** Vol nuttige lesse, bv. 'n **leersame** boek, praatjie, klankfilm, ens.

**lamlendig:** Sleg, naar, bv. Jou **lamlendige** skurk!

**lendelam:** Nie stewig nie, bv. 'n **lendelam** stoel.

**letters:** Tekens om 'n klank of woord voor te stel, bv. A, B en C is **letters** van die alfabet.

**lettere:** Letterkunde, bv. in die **lettere** studeer.

**leer:** Skoene word van **leer** gemaak. Ek **leer** Latyn. Hy **leer** my Latyn. Ek klim met 'n **leer** op die dak. Leerstellinge, bv. Wat is die **leer** van dié sekte?

**leër:** Oorlogsmag of groot menigte, bv. Duitsland se **leër** is baie groot.

**lêer:** Hierdie hen is 'n goeie **lêer**. 'n **Lêer** (vaatjie) wyn. 'n **Lêer** op die spoorlyn ('n dwarsbalk). 'n **Lêer** vir papiere (omslag waarin papiere gerangskik, gebêre word).

**laagte:** Vallei, bv. Die beeste loop onder in die **laagte.**

**laagheid:** Gemeenheid, bv. Dis **laagheid** van hom om my te beskuldig.

**meesterlik:** Uitmuntend, bv. 'n **meesterlike** uitvoering.

**meesteragtig:** Pedanties; aanmatigend, bv. 'n **meesteragtige** houding.

**moreel:** Sedelik, bv. 'n **morele** oorwinning.

**moraal:** Sedeles, bv. Die boek bevat 'n **moraal.**

**meteen:** Tegelykertyd, Jy moet alles **meteen** doen.

**meteens:** Skielik, bv. **Meteens** gee sy 'n harde gil.

**moor:** Doodmaak; oorwerk, bv. Hy **moor** sy osse met die swaar vragte. Om te **moor** is 'n gruwelike sonde.

**vermoor:** Doodmaak, bv. Hy het 'n man **vermoor.**

**mismoedig:** Neerslagtig, bv. Die lang droogte maak die boere **mismoedig**, want niks wil groei nie

**ontmoedig:** Mismoedig maak, bv. Die lang droogte **ontmoedig** die boere.

**musikant:** Musiekmaker, bv. Op die partytjie was Jan een van die **musikante.**

**musikus:** Professionele musiekmaker, bv. Almal het na die vermaarde **musikus** uit Rome gaan luister.

**openbaar:** Publiek, bv. 'n **openbare** skool, aanklaer, geheim, ens.

**openlik:** Hy het dit **openlik** erken. **Openlike** vyandskap.

**opmerklik:** Merkwaardig, bv. Sy werk het **opmerklik** verbeter.

**opmerksaam:** Oplettend, bv. Die **opmerksame** seun het alles raakgesien.

**opmerking:** Waarneming, bv. Hy het sy **opmerkings** in 'n boekie aangeteken. Uiting van 'n mening, bv. Ek hou nie van u vorige **opmerking** nie.

**aanmerking:** Afkeurende opmerking, bv. Hy het 'n **aanmerking** gemaak oor Jan se slegte werk. Oorweging, bv. Baie faktore moet in **aanmerking** geneem word.

**onthou:** In die geheue hou, bv. Ek **onthou** sy naam goed.

**herinner:** In die gedagte terugroep, bv. Ek **herinner** my nog die groot droogte.

**onverdraaglik:** Wat nie verdra kan word nie, bv. die **onverdraaglike** toestand tydens die besetting van ons land.
**onverdraagsaam:** Wat niks verdra nie, bv. 'n **onverdraagsame** man.

**onbeskaaf:** Baar, bv. Baie kafferstamme is nog **onbeskaaf.**
**onbeskof:** Onbeleef, bv. 'n **Onbeskofte** kind het nie maniere nie.

**orde:** Rang, bv. alfabetiese **orde.** 'n Saak in **orde** bring (regmaak). Die gehoor tot **orde** roep (beveel om hom te gedra).
**order:** Bevel: gebod, bv. 'n **order** gee.

**ouderdom:** Leeftyd, bv. Die ou man het 'n hoë **ouderdom** bereik.
**oudheid:** Voorwerp uit die ou tyd, bv. Hy het 'n kosbare **oudheid** gekoop.

**oorbodig:** Ek wil nie **oorbodige** werk doen nie (onnodige).
**oordadig:** Verkwistend, bv. **oordadig** geld uitgee.
**oortollig:** Te veel, bv. Neem die **oortollige** glase weer terug.

**oostelik:** In die rigting van die Ooste, bv. die **oostelike** deel van die Vrystaat.
**Oosters:** Wat beterkking het op Asiatiese lande en volke, bv. 'n **Oosterse** dolk, gewoonte, kleredrag, ens.

**ontstoke:** Aan brand, bv. Sy toorn was **ontstoke.**
**verstoke:** Beroof, bv. Hulle is van alle voorregte **verstoke.**

**ontdekking:** Vind, bv. die **ontdekking** van Amerika.
**uitvindsel:** Uitvind(ing), bv. 'n Vliegmasjien is 'n slim **uitvindsel.**

**onrustig:** Sonder rus deur angs, bv. Ek voel **onrustig,** omdat Jan nog nie teruggekom het nie.
**rusteloos:** Sonder rus, bv. die **rustelose** see.
**ongerus:** Bekommerd, bv. Ek was te **ongerus** om te slaap.

**ontslaap:** Doodgaan, bv. Hy is vannag **ontslaap (ontslape).**
**verslaap:** Deurslaap, bv. die ure **verslaap.** Te laat slaap, bv. Ek het my vanmore **verslaap.**

**oponthoud:** Vertraging, Die trein is laat. Wat kan die **oponthoud** wees?
**versuim:** Bly; vertoef, bv. Ons het nie lank op die dorp **versuim** nie. Verwaarloos, bv. pligte **versuim.** Jy moet die werk sonder **versuim** doen.

**onvrugbaar:** Nie vet nie; steriel, bv. 'n **onvrugbare** streek waar niks wil groei nie.
**vrugteloos:** Tevergeefs, bv. 'n **vrugtelose** poging aanwend.

**ontrou:** Nie getrou nie, bv. 'n **ontroue** bediende.
**troueloos:** Verraderlik; vals, bv. Sy **trouelose** vriend het hom gaan beskinder.

**onbesorg:** Opgeruimd; blymoedig, bv. **Onbesorg** is die kinders weg om piekniek te gaan hou.
**sorgeloos:** Agtelosig; slordig, bv. **sorgelose** foute in 'n opstel.

**profeteer:** Voorsê; voorspel, bv. Hy **profeteer** droogte.
**profiteer:** Voordeel trek, bv. **profiteer** van die geleentheid.

**praktiseer:** Beroep uitoefen, bv. as dokter **praktiseer.**
**prakseer:** Uitdink, bv. 'n plan **prakseer.**

**portier:** Persoon wat vir die oopmaak en sluit van deure sorg.
**portuur:** Gelyke, bv. Veg met jou eie **portuur.**

**rekbaar:** Kan gerek word, bv. Elastiek is **rekbaar.**
**reklik:** Meegewend, bv. 'n **reklike** karakter.

**ridder:** Lid van 'n ridderorde, bv. Die **ridders** van die ou dae het helms gedra.
**ruiter:** Persoon wat (perde) ry, bv. Daar kom twee **ruiters** op vosperde aan.

**Rooms:** Rooms-Katoliek, bv. die **Roomse** geloof.
**Romeins:** Van ou Rome, bv. die **Romeinse** ryk.

**realisties:** Getrou aan die werklikheid, bv. 'n **realistiese** beskrywing van 'n gebeurtenis.
**reëel:** Regtig, bestaande; werklik, bv. Hy het die **reëele** toestand beskryf.

**reëlmatig:** Sy hart klop **reëlmatig.**
**gereeld:** Ons skryf **gereeld** elke week 'n opstel.

**sieklik:** Altyd siek, bv. Die **sieklike** man is meer in die bed as daaruit.
**siekerig:** Effens siek, bv. Vanmore voel ek **siekerig,** hoewel ek gister niks makeer het nie.

**sorgsaam:** Sorgvuldig; spaarsaam, bv. Die **sorgsame** seun het al sy geldjies bymekaar gemaak. 'n **Sorgsame** huismoeder.
**sorgvuldig:** Noukeurig, bv. Hy het sy opstel **sorgvuldig** deurgelees. 'n **Sorgvuldige** ondersoek.

**standerd:** Klas — op skool, bv. Hy is in **standerd** VIII.
**standaard:** Peil; hoogte, bv. Die **standaard** van die klas se werk is hoog.

**spaarsaam:** Versigtig met uitgawes, bv. Die **spaarsame** seun mors nooit sy geld uit nie.
**suinig:** Inhalig; vrekkig, bv. Die **suinige** man wou ons nie 'n bloue duit vir die fonds gee nie.

**self:** Ek het die werk **self** gedoen. Ek **self** voel siek.
**selfs:** **Selfs** sy vriende haat hom nou.

| | |
|---|---|
| **senings:** | Verbindingsdrade van die spiere, bv. 'n **sening** verrek. |
| **seënings:** | Die gee, skenk van seën, bv. Tel jou **seënings** dag aan dag. |
| **selde:** | Nie dikwels nie, bv. Ek sien hom **selde** of nooit. |
| **seldsaam:** | Skaars; sonderling, bv. 'n **seldsame** gebeurtenis, geur, besoek, ens. |
| **sinloos:** | Betekenisloos, bv. 'n **sinlose** antwoord. |
| **sinneloos:** | Sonder verstand, bv. Die **sinnelose** vent is malhuis toe geneem. |
| **stoflik:** | Van stof, bv. Sy **stoflike** oorskot is ter aarde bestel. Sterflik, bv. Die mens is **stoflik.** |
| **stowwerig:** | Vol stof, bv. Na die wind was die stoep **stowwerig.** 'n **Stowwerige** pad. |
| **stoffig:** | Stowwerig, bv. 'n **stoffige (stowwige)** dag. |
| **skynbaar:** | 'n **Skynbare** uitsondering (d.w.s. na die skyn). |
| **blykbaar:** | Duidelik, bv. Hy was **blykbaar** onder die verkeerde indruk. |
| **skrif:** | Handskrif, bv. Sy **skrif** is te sleg om te lees. |
| **geskrif:** | Dokument, bv. Hy het die ou **geskrif** in die argief gekry. |
| **tydelik:** | Net vir 'n tydjie, bv. 'n **tydelike** betrekking. |
| **tydig:** | Wat op die regte tyd kom, bv. **tydige** hulp. |
| **tydsaam:** | Stadig, bv. As jy so **tydsaam** is, sal jy te laat wees. |
| **betyds:** | Op tyd, bv. **betyds** wees om 'n trein te haal. |
| **teenwoordig:** | Aanwesig, bv. Al die kinders was **teenwoordig** op skool. |
| **teenswoordig:** | Hedendaags, bv. **Teenswoordig** is die modes anders as dertig jaar gelede. |
| **toestemming:** | Verlof, bv. Hy het sy vader se **toestemming** gekry om te gaan. |
| **instemming:** | Inwilliging, bv. Met algemene **instemming** het ons besluit om aan te gaan. |
| **te danke aan:** | Dis **aan** hom **te danke** dat ek vandag nog lewe. |
| **te wyte aan:** | Dis **aan** hom **te wyte** dat ek my arm gebreek het. |
| **vars:** | **Vars** eiers, botter, melk, ens. (d.w.s. nie oud nie). |
| **fris:** | Sterk, bv. 'n **fris** seun. Koel, bv. Dis vanmore **fris** buite. Gesond, bv. Hy is weer **fris.** |
| **verstandig:** | wys, bv. 'n **Verstandige** man leef nie spandabel nie. |
| **verstandelik:** | Wat die verstand betref, bv. **verstandelike** ontwikkeling. |
| **verkiesbaar:** | Bereid om gekies te word, bv. Hy stel hom **verkiesbaar.** |
| **verkieslik:** | Die voorkeur verdienend, bv. Gesondheid is **verkieslik** bo rykdom. |

| | |
|---|---|
| **vyandig:** | Haatdraend, bv. Hy is **vyandig** teenoor my. |
| **vyandelik:** | Van 'n vyand, bv. Die **vyandelike** leër is verslaan. |
| **vergader:** | Bymekaar kom, bv. Die mense **vergader** in die stadsaal. |
| **versamel:** | Bymekaar maak, bv. Hy **versamel** posseëls. |
| **voort:** | Aan, bv. Loop maar **voort.** |
| **vort:** | Weg, bv. Ons is om eenuur **vort.** |
| **vriendelik:** | Minsaam, bv. 'n **vriendelike** man. |
| **vriendskaplik:** | Uit vriendskap; as vriend, bv. 'n **vriendskaplike** brief. |
| **vreeslik:** | Aaklig, bv. 'n vreeslike storm. Baie, bv. **vreeslik** lekker. |
| **vreesagtig:** | Bang, bv. 'n **vreesagtige** persoon, diertjie, kind. |
| **vervreem:** | Vreemd maak; afstoot; wegdryf, bv. Hy het van sy familie **vervreem.** |
| **ontvreem:** | Steel, bv. geld **ontvreem.** |
| **versending:** | Afstuur, bv. 'n Spesiale klerk is verantwoordelik vir die **versending** van goedere wat bestel word. |
| **besending:** | Hoeveelheid goed wat verstuur word, bv. Die eerste **besending** lemoene is duur verkoop. |
| **verband:** | Hy dra die gebreekte arm in 'n **verband.** Daar is geen **verband** tussen die twee woorde nie. Die betekenis van die woord kan uit die **verband** afgelei word. Die boer het 'n **verband** op sy plaas. |
| **verbond:** | Ooreenkoms, bv. Die twee lande het 'n **verbond** gesluit. |
| **wrok:** | Nyd; haat, bv. Hy koester 'n **wrok** teen my. |
| **wraak:** | Die wreek, bv. Die man het 'n vreeslike **wraak** geneem op sy vyand. |
| **wetlik:** | Ooreenkomstig of vereis deur die wet, bv. sy **wetlike** erfdeel. |
| **wettig:** | Volgens wet; regmatig, bv. sy **wettige** vrou; 'n **wettige** oorsaak. |
| **wetties:** | stip na die letter van die wet, bv. 'n **wettiese** Jood. |
| **welsprekend:** | Wel ter tale; in staat om goed en boeiend te praat, bv. 'n **welsprekende** redenaar. |
| **welbespraak:** | Woorderyk; glad van tong, bv. 'n **welbespraakte** sakeman, handelsreisiger, ens. |
| **waarskynlik:** | Vermoedelik waar, bv. Jan is **waarskynlik** ons beste heelagter. Hy is **waarskynlik** al vort. |
| **ongetwyfeld:** | Seker; stellig, bv. Hy is **ongetwyfeld** 'n dapper man. |

## VERGELYKINGS

**arm:** So arm soos **'n kerkmuis (Job).**
**been:** Hy het bene soos **vuurhoutjies.**
**bang:** So bang soos **'n bok vir 'n skoot hael**
So bang soos **die duiwel vir 'n slypsteen,**
So bang soos **'n haas vir 'n hond**
**beef (bewe):** Hy bewe soos **'n riet.**
**bitter:** so bitter soos **gal.**
**blaas:** Hy blaas soos **'n stoommasjien (makou; pofadder).**
**bleek:** so bleek soos **'n laken (die dood).**
**blêr:** Hy blêr soos **'n bok.**
**blind:** so blind soos **'n mol.**
**blink:** Hy (dit) blink soos 'n **bottel (spieël; nuwe sikspens).**
**blou:** so blou soos **die berge (die hemel).**
**brul:** Hy brul soos **'n bees.**
**dapper:** so dapper soos **'n leeu**
**dig:** so dig soos **'n pot ('n bottel)**
**dood:** so dood soos **'n mossie**
**doof:** so doof soos **'n kwartel**
**dom:** so dom soos **'n esel.**
**donker:** so donker soos **die nag**
**dronk:** so dronk soos **'n tol ('n matroos; 'n Lord)**
**droog:** so droog soos **strooi**
**dun:** so dun soos **'n plank (doringdraad; papier)**
**eerlik:** so eerlik soos **goud**
**eet:** Hy eet soos **'n wolf.**
**fluks:** so fulks soos **'n voorslag**
**fris (gesond):** so fris (gesond) soos **'n vis in die water**
**galop:** Hy galop soos **'n perd.**
**geel:** so geel soos **goud (borrie)**
**geld:** geld soos **bossies (water)**
**geduldig:** so geduldig soos **Job**
**gereeld:** so gereeld soos **klokslag**
**giftig:** so giftig soos **'n slang**
**goed:** so goed soos **goud**
**glad:** so glad soos **seep ('n paling; ys; 'n bottel)**
**gly:** Iets gly soos **seep** uit jou hande.
**gou:** so gou soos **jy (knip)mes kan sê (blits)**
**groen:** so groen soos **gras**
**groot:** so groot soos **'n reus**
**hard:** so hard soos **'n klip (staal)**
**hardloop:** Hy hardloop soos **'n reisiesperd (wind-hond; die duiwel).**
**helder:** so helder soos **kristal**
**honger:** so honger soos **'n wolf ('n bees; 'n perd)**
**hoog:** so hoog soos **die hemel (die berge; die lug)**
**kaal:** so kaal soos **'n rot ('n luis; 'n klip)**
**klaar:** so klaar soos **die dag**

| | |
|---|---|
| **klap:** | Dit klap soos 'n **koeël.** |
| **koel:** | so koel soos **'n komkommer** |
| **koud:** | so koud soos **ys** |
| **krioel:** | Hulle krioel soos **miere (vlieë).** |
| **krom:** | so krom soos **'n hoepel ('n sekel)** |
| **krul:** | Hy krul soos **'n wurm** van die pyn. |
| **kwaai:** | so kwaai soos **'n tierwyfie (geitjie)** |
| **leeg:** | so leeg soos **'n eierdop** |
| **lelik:** | so lelik soos **die nag** |
| **lewe:** | Hulle lewe soos **kat en hond.** |
| | Hy leef soos **'n lord ('n koning; 'n vis in die water).** |
| **lewendig:** | so lewendig soos **'n vis (stalperd)** |
| **lieg** | Hy lieg soos **'n tandetrekker (koerant; boek).** |
| | Hy lieg soos **tien perde skop.** |
| **lig:** | so lig soos **'n veer.** |
| **listig:** | so listig soos **'n slang (die duiwel)** |
| **loop:** | Hy loop soos **'n vetgesmeerde blits (die duiwel).** |
| | Hy loop soos **'n skilpad (trapsoetjies).** |
| **lui:** | so lui soos **'n donkie (agteros)** |
| **maag:** | 'n maag soos **'n volstruis** |
| **maer:** | so maer soos **'n kraai (sprinkaan)** |
| **mak:** | so mak soos **'n lam** |
| **maklik:** | so maklik soos **pyp opsteek** |
| **min:** | so min soos **die swart van my nael** |
| **moeg:** | so moeg soos **'n hond ('n perd; 'n os)** |
| **mond:** | 'n mond soos **'n wawiel (waenhuis; bakoond)** |
| **nat:** | so nat soos **'n kat** |
| **neerslaan:** | Hy slaan neer soos **'n os.** |
| **noot rek:** | 'n noot rek soos 'n **voorslagriempie** |
| **nors:** | so nors soos **'n buffel (renosterbul)** |
| **nuuskierig:** | so nuuskierig soos **'n aap** |
| **oud:** | so oud soos **die Kaapse wapad** |
| | so oud soos **die berge** |
| | so oud soos **die weg na Rome** |
| | so oud soos **Metusalem** |
| | so oud soos **Noag se ark** |
| **plat:** | so plat soos **'n pannekoek** |
| **pleit:** | Hy pleit soos **'n advokaat.** |
| **praat:** | Hy praat soos **'n boek ('n advokaat).** |
| **pronk:** | Hy pronk soos **'n pou.** |
| **rats:** | so rats soos **'n bobbejaan (meerkat; kat)** |
| **reg:** | so reg soos **'n roer** |
| **rond:** | so rond soos 'n **koeël** |
| **rooi:** | so rooi soos **bloed ('n kalkoen)** |
| **regop:** | so regop soos **'n kers** |
| **rook:** | Hy rook soos **'n skoorsteen.** |
| **rou:** | so rou soos **'n riem** |
| **ry:** | Hy ry soos **die duiwel.** |
| **sag:** | so sag soos **'n lam** |
| | so sag soos **ferweel (sy; wol; satyn)** |
| **sedig:** | so sedig soos **'n predikant** |

| | |
|---|---|
| **seker:** | so seker as **wat ek leef**<br>so seker soos **tweemaal twee vier is**<br>so seker soos **amen in die kerk** |
| **siek:** | so siek soos **'n hond ('n hoender)** |
| **sing:** | sing soos **'n nagtegaal** |
| **sit:** | Hy (dit) sit (so vas) soos **'n neet.**<br>Hy sit soos **'n uil op 'n kluit.** |
| **skaars:** | so skaars soos **wors in 'n wolwehok** |
| **skeel:** | so skeel soos **'n skaap** |
| **skelm:** | so skelm soos **die houtjie van die galg.** |
| **skerp:** | so skerp soos **'n skeermes (mes)** |
| **skop:** | Hy skop soos **'n volstruis (muil; donkiehings).** |
| **skraal:** | so skraal soos **'n riet** |
| **skree:** | He skree soos **'n maer vark (sonbesie).** |
| **skuld:** | skuld soos **hare op sy kop**<br>skuld soos **sand** |
| **skurf:** | so skurf soos **'n padda** |
| **slaap:** | Hy slaap soos **'n klip (os; blok hout).** |
| **slim:** | so slim soos **'n jakkals ('n rot; Salomo)**<br>so slim soos **die houtjie van die galg** |
| **smelt:** | Dit smelt soos **suiker** in jou mond. |
| **snork:** | Hy snork soos **'n vark (saagmeul).** |
| **soet:** | so soet soos **suiker (heuning)**<br>so soet soos **stroop (moskonfyt)** |
| **soveel:** | soveel soos **die sand van die see** |
| **soveel weet:** | Hy weet soveel daarvan soos **'n kat van saffraan.** |
| **spoeg:** | Hy spoeg soos **'n slang** van woede. |
| **stadig:** | so stadig soos **'n trapsoetjies** |
| **steeks:** | so steeks soos **'n perd** |
| **sterk:** | so sterk soos **'n bees ('n os; 'n leeu; 'n perd; 'n olifant; die duiwel)** |
| **stil:** | so stil soos **'n muis** |
| **stink:** | Iets stink soos **'n bokkapater (vrot eier; muishond).** |
| **stoot:** | Hy stoot soos **'n os.** |
| **suip:** | Hy suip soos **'n vis.** |
| **suur:** | so suur soos **asyn ('n sermynpeer)** |
| **swaar:** | so swaar soos **lood** |
| **swak:** | so swak soos **'n lammetjie** |
| **swart:** | so swart soos **die nag** |
| **swem:** | Hy swem soos **'n vis (otter).** |
| **sweet:** | Hy sweet soos **'n perd.** |
| **swyg:** | Hy swyg soos **die graf ('n klip; die dood).** |
| **taai:** | so taai soos **'n ratel** |
| **tong:** | 'n tong soos **'n skeermes** |
| **trots:** | so trots soos 'n **pou** |
| **vals:** | so vals soos **Judas** |
| vas: | so vas soos **'n muis in 'n slagyster** |
| **veilig:** | so veilig soos **die bank** |
| **vel:** | 'n vel soos (of: so dik soos) **'n renoster s'n** |
| **venynig:** | so venynig soos **'n slang** |
| **veranderlik:** | so veranderlik soos **die weer (die wind)** |

**vet:** so vet soos **'n vark ('n os)**

**vinnig:** so vinnig soos **blits (die duiwel)**

**vloek:** Hy vloek soos **'n matroos ('n ketter).**

**vrek:** Diere vrek soos **skape (kraaie; vlieë in die winter).**

**vry:** so vry soos **'n voël op 'n tak**

**waar:**
so waar as (soos) **vet**
so waar as (soos) **padda manel dra**
so waar as (soos) **die son aan die hemel staan**

**waggel:** Hy waggel soos **'n eend.**

**wegraak:** Iets (Iemand) raak weg (verdwyn) soos **'n groot speld,**

**werk:** werk soos **bossies.** Hy werk soos **'n esel ('n perd; 'n os).**

**wild:** so wild soos **'n haas vir 'n hond**

**wit:** so wit soos **melk (sneeu; wol)**

# RITME, RYM, KONTRASTE, SINONIEME EN ALLITERASIE

(nie streng alfabeties nie)

A. Hy weet nie waar hy **aan of af** is nie.
Ek hoor **af en toe** van hom.
Iets vir **'n appel en 'n ei** verkoop.

B. Sonder **blik(ke) of bloos** lieg.
Iemand **bont en blou** knyp.
Iemand met **bed en beddegoed** die huis uitja.
Bediendes **bak en brou** in die kombuis.
**Buie of bars,** die werk moet klaar.
Iemand is met skuld **belas en belade.**
Met my gaan dit so tussen die **boom en die bas.**
Aartappels met **broek en baadjie** eet
Hy kan nie **boe of ba** sê nie.
Iemand **van bakboord na stuurboord** stuur
**Blad en blom** het doodgeryp.
Sy kop is **blink en bles.**

D. Voor **dag en dou** vertrek.
'n Pak slae **dubbel en dwars** verdien.
'n Vriend deur **dik en dun** bystaan
Sommer oor **dit en dat** gesels.
Hy het **die wel en die wee** van die lewe al deurgemaak.
Êrens met **Dapper en Stapper** gaan.
**Dan en wan** êrens heen gaan.
Hy wil alles van my **doen en late** weet.
Iemand **daar en dan** die waarheid vertel.
'n Geheim **dig en donker** hou.

E. Ek ken die **een en ander.**
Iemand is **een en al** gehoor.
Iets in **een of ander** boek gelees hê.

F. 'n Ruit **fyn en flenters** breek.
**Frank en vry** wees om te gaan waar jy wil.

G. Iets vir geen **geld of goed (goeie woorde)** afstaan nie.
Dit word vir hom **groen en geel** voor die oë.
Van **gunste en gawe** lewe.
Hy is **gans en al (gans en gaar,** of: **gansegaar)** nie dom nie.
Iemand is in die Boland **gebore en getoë.**
Iemand is **gestewel (gelaars) en gespoor** vir 'n onderneming.
Iemand volg net waar hy **gaan of staan.**
Iemand is **geheel en al** onvoorbereid vir iets.
**Iets is gaaf en goed,** maar stel jou nie heeltemal tevrede nie.
**Goed en bloed** in gevaar stel.

H. **Hand en mond** belowe om iets te doen.
Tussen **hange en wurge** iets regkry.
Alles op **hare en snare** sit om iemand te help.
'n Dier met **huid en haar** opeet.
**Hot en haar** na 'n ding soek.
**Hart en siel** 'n saak ondersteun.
**Hoog en laag sweer** jy het iets nie gedoen nie.
Mense kom van **heinde en verre.**
Die arm man is uit **huis en haard.**
Iets teen **heug en meug** doen.
Met **huidjie en muidjie** iets eet.
Soldate verdedig 'n stelling met **hand en tand.**
**Hemel en aarde** beweeg om iets reg te kry.
Iemand bevind hom tussen **hemel en aarde.**
Hy wil almal **hiet en gebied.**
'n Persoon is **hou en trou.**
Iets van **hoek tot kant** ken.
Uit alle **hoekies en gaatjies** te voorskyn kom.
Dit kon toe nie **hoër of laer** nie.
**Hak en tak (Hak-en-tak)** lewe.
Iets van **hawer tot gort (klawer)** ken.
Iets met **horte en stote** doen.
Die vreesbevange mense hardloop **herwaarts en derwaarts.**
**Hotom en haarom** staan.
**Hier en daar** staan 'n boom.
Iemand is opreg in sy **handel en wandel.**
Iemand **hink en pink** as hy loop.
Iemand se **hawe en goed** vir hom oppas.
Iemand sit **hoog en droog.**

J. Vriende maak met **Jan Rap en sy maat.**
Op alles **ja en amen** sê.
Geen **jota of tittel** omgee nie.

K. 'n Rivier lê **kant en wal.**
**Kant en klaar** wees om te vertrek.
Geen **kop of stert** van 'n saak kan uitmaak nie.
Kinders **klim en klouter** in die bome rond.
Geen **kind of kraai** hê nie.
Nie **knik of mik** van 'n saak nie.
Sommer oor **koeitjies en kalfies** gesels.
Roep **kruis of munt.**
'n Kamp **kruis en dwars** deursoek vir skape.
**Kort en bondig** oor 'n saak skryf.
Alles **kort en klein** slaan.
'n Vergadering **kort maar kragtig** toespreek.
Ons kry **krag na kruis.**
Jy kan maar **kwik (kik) of kwak.**
Die twee is **kruit en vuur.**
Van **kop tot tone** in swart gekleed.
Iemand **kalm en bedaard** aanspreek.
Die **Kretie en Pletie** was ook teenwoordig.
Die man het al dikwels **kruis en kroon** gedra.

L. Baie jare **lief en leed** met mekaar deurmaak.
**Land en sand** aanmekaar praat.
Jou **los en vas** lieg.
Iets is 'n persoon se **lus en sy lewe.**
Iemand **lieg en bedrieg.**
Iemand tussen **lewe en dood** uit die water haal.
Parys is die stad van **lig en lewe.**

M. 'n Skip vergaan met **man en muis.**
Iemand skree **moord en dood (brand).**
**Moeg en mat** wees van al die werk.
'n Klank dring deur **murg (merg) en been.**
Met alle **mag en krag** stoot.
Jy is **min of meer** reg.
Iemand wil net **maak en breek.**
Nie die verskil tussen **myn en dyn** ken nie.
Jou **mal en moer** af sukkel om iets te doen.
Iemand **moeite en verdriet** veroorsaak.
Die vyand het met **man en mag** aangeval.

N. Iets is van **nul en gener** waarde.
**Nooit ofte nimmer** iets doen nie.
**Nou en dan** dorp toe gaan.
**Nag en dag** aan iets werk.

O. **Oud en jonk** het deelgeneem.
Iemand is nog nie **oud en koud** nie.
Die bok staan **oop en bloot** vir jou en kyk.

P. Iemand **pimpel en pers** slaan.
**Paal en perk** stel aan iets.
Die **prag en praal** van Versailles.
Die hond lê **pens en pootjies** op die sofa.
Iemand van **Pontius na Pilatus** stuur.
**Te pas en te onpas** oor 'n saak gesels.
Jou **pap en slap** lag.

R. Iemand met **raad en daad** bystaan.
Alles is in **rep en roer.**
**Rond en bont** val na iets.
Iemand **rot en kaal** steel.
**Romp en stomp** verkoop.
'n Paar dinge bymekaar **raap en skraap.**
Aan iets **ruk en pluk.**
**Rus en vrede** êrens vind.
Geen **rus en duur(te)** hê nie.

S. **Steen en been** oor iets kla.
Deur **skade en skande** wys word.
Wys dit vir my **swart op wit.**
Die geskiedenis van **stukkie tot brokkie** vertel.
'n Stad sonder **slag of stoot** inneem.
Met **snaar en stramboel** êrens gaan.
Met **stampe en stote** iets doen.
Met **sak en pak** wegloop.

'n Seun is dikwels sy moeder se **staf en steun.**
**Stank vir dank** ontvang.
Vir **stoele en banke** preek.
Iemand wil altyd **stry en baklei.**
Probeer om **siel en liggaam** aanmekaar te hou.
In **sak en as** sit.
Op **stel en sprong** iets doen.
Die **soet en die suur** van die lewe.
Vra jy hom om hulp, is dit altyd **sus of so.**
Hulle laat my vir **spek en boontjies** hier sit.
Iemand **sonde en ergernis** veroorsaak.
Skuim staan soos **sout en salpeter** op die perd.
Die pad maak **swaaie en draaie.**
Die onweerswolke is **swaar en swart.**
Met **stem en snare** aan die feesviering deelneem.

T. Geen **taal of tyding** van iemand kry nie.
In die huis bly tot **tyd en wyl** hy weer gesond is.
Lekkers **te kus en die keur** in 'n winkel.
**Tydig en omtydig** ander mense besoek.

V. **Vuur en vlam** vir 'n saak wees.
Vir my is dit maar **vinkel en koljander.**
Net **vel en been** wees.
Iemand iets met **vers en kapitel** bewys.
Die **voor en teen** van 'n saak bespreek.
Iets is **(nog) vis nog vlees.**
Vir **volk en vaderland** veg.
Sonder **voedsel en deksel** wees.
**Vroeër of later** iets kan regkry.

W. Kinders loop vir **wind en weer** rond.
**Wik en weeg** voor jy besluit.
Die saak **wyd en syd** bekendmaak.
Teen **wil en dank** saamgaan.
Die osse **wild en wakker** skree.
Iets met **wortel en tak** uitroei.
Iets **willens en wetens** doen.
Dis **wis en seker.**
Vir die **wis en onwis** kos saamneem.
Dit **woel en krioel** op die Parade.

## Idiomatiese uitdrukkinge vir „DRONK WEES"

Hy is hoog aan.
Hy het die arm gelig.
Hy het die elmboog gelig.
Hy loop twee rye spore.
Hy het die skoot hoog deur.
Hy is aangeklam.
Hy het kromhoutsap gedrink.
Hy het te diep in die dop gekyk.
Hy het te diep in die bottel gekyk.
Hy het die bottel gesoen.
Hy is hoenderkop.
Die hele pad is syne.
Hy kan nie op een been staan nie.
Hy is (hoog) in die takke.
Hy het deur die wingerd geloop.
Sy tee was te sterk.
Sy kruie was te sterk.
Hy ja skape aan.
Hy is spraaksaam.
Sy tong is swaar.
Hy is geswael.
'n Tier het hom gebyt.
Hy trap hoog en laag.
Hy is lekkerlyf.
Sy lewer is nat.
Hy is (lekker) nat.
Hy is lekker.
Hy het van Noag se sap gedrink.
Hy is saf.
Hy het te veel geskep.
Hy het die bottel aangespreek.
Hy is nie allenig nie.
Hy is hoog veertien.
Hy is vet.
Hy het druiwekar gery.
Hy het vir Langnek-Kaatjie gesoen.
Hy het die mannetjie met die kurkhoed gesoen.
Hy meet die straat.
Hy is stukkend.
Hy praat Engels.
Hy het tiermelk gedrink.
Die korrels werk met hom.
Hy en die leeu was deurmekaar.
Hy ja varke aan.
Hy het in die kan gekyk.
Die wysheid is in die kan.

## Idiomatiese uitdrukkinge vir „SLAAN" of „SLAE KRY"

Iemand op sy bas gee.
Iemand op sy baadjie gee.
Iemand op sy oë speel.
Iemand met die aapstert gee.
Iemand (goed) deurloop.
Iemand uitlig.
Iemand uitlooi.
Iemand stof.
Iemand platriem gee.
Iemand op sy ribbekas gee.
Iemand taai tameletjie gee.
Iemand op sy tabernakel gee.
Iemand laat tou spring.
Iemand op sy vel gee.
Iemand streepsuiker gee.
Iemand versool.
Iemand wiks.
Iemand laat riemspring.
Iemand 'n hotnotsriel laat dans.
Iemand 'n broek aanpas.
Iemand die horrelpyp laat dans.
Iemand 'n loesing gee.
Iemand ooptrek.
Iemand peper gee.
Iemand op een beentjie laat spring.
Iemand met die vyf vingers van Moses gee.
Sambok inlê.

* * *

op sy duiwel kry.
op sy herrie kry.
rottangolie kry.
Siepsous en braaiboud kry.

# IDIOMATIESE BENAMINGE VIR PERSONE

**aap:** dom persoon
**agie:** nuuskierige persoon
**agterryer:** persoon wat vir 'n ander allerhande vernederende dingetjies moet doen
**allemansvriend:** vriend van almal
**asjas:** niksnuts; deugniet
**askoek:** niksnuts; vabond
**asleêr:** niksnuts
**babbelkous:** praatsieke persoon
**bangbroek:** lafaard
**belhamel:** leier
**bittereinder:** persoon wat tot die end toe volhard
**Blikoor:** Vrystater; gek
**bobbejaan:** gek; dom persoon
**bog:** gek; onbenullige kêrel
**botterkop:** dom persoon
**brompot:** 'n ontevredene
**buffel:** onbeskofte of nors vent
**derdegelui:** stadige persoon
**derdemannetjie:** 'n orige persoon by twee verliefdes
**domoor, domkop:** dom persoon
**doring:** staatmaker; gawe kêrel
**draadsitter:** persoon wat nie kan besluit watter kant hy moet kies nie
**draadtrekker:** geheime bewerker; intrigant
**drelkous; drentelkous:** draaier; seurder; beuselaar; draler; talmer
**dwarstrekker:** 'n eiesinnige
**Evasgeslag:** meisies; vrouens
**geitjie:** kwaai vrou
**geldwolf:** vrek; gierigaard
**geluksvoël:** voorspoedige persoon
**ghoen:** staatmaker; deskundige
**ghwar:** onbeskaafde vent; lummel
**grensbalie:** persoon wat gedurig huil
**haantjie:** parmantige, twissieke persoon
**handlanger:** helper; medepligtige
**hardekop:** hardnekkige persoon
**harmansdrup:** stadige persoon
**hierjy:** vabond; lummel
**Hoggenheimer:** gewetenlose kapitalis
**isegrim:** nukkerige persoon
**jabroer:** persoon wat met alles instem.
**jakkals:** skelm persoon
**Jan Kalbas:** verspotte persoon
**Jan Klaasen:** opgewekte, verspotte persoon
**Jan Pampoen:** niksbetekende persoon
**jansalie:** papbroekige vent
**Japie:** agterlike persoon
**japsnoet:** beterweter; nuuskierige kind
**kaartman:** 'n lewendige persoon wat baie bewegings maak
**Kaatjie Kekkelbek:** praatsieke vroumens
**Kamsgeslag:** kaffer
**kapokhaantjie:** veglustige persoontjie
**kêskuiken:** kind
**kletskous:** persoon wat vervelend gesels
**knapsakboertjie:** persoon wat op baie klein skaal boer
**knop:** onvriendelike of onbeskaafde persoon
**korrelkop:** rusiemakerige persoon
**kruidjie-roer-my-nie:** kortgebonde persoon
**kuiken:** kind
**lamsak:** pligversaker; luiaard
**lekkerbek:** kieskeurige persoon; een wat van lekker kos hou
**lolpot:** persoon wat neul
**luistervink:** persoon wat afluister
**Malbaar:** praatsieke persoon
**malkop:** geklike of verspotte persoon
**maltrap:** geklike of verspotte persoon

**manteldraaier:** persoon wat van party verander namate dit hom die beste pas
**nagwolf:** persoon wat daarvan hou om snags uit te gaan
**neulkous:** persoon wat aanhoudend kla of verwyt
**oliekoek:** niksnuts
**papbroek:** lafaard; niksbeduidende persoon
**papklaas:** niksbeduidende persoon
**penkop:** onervare jong man
**perd:** staatmaker; gawe kêrel
**platjie:** skelm; karnallie
**remskoen:** 'n konserwatiewe persoon
**ringkop:** veteraan; staatmaker
**rissie:** 'n baie kwaai vrou
**rouriem:** onervare persoon
**Sandruiter:** persoon wat afgegooi word, bv. van 'n perd
**Sandtrapper:** Nataller
**seurkous:** 'n lastige persoon
**slodderkous:** slordige, slonsige persoon
**sloerie:** slordige, onoppassende persoon
**smeerlap:** skurk; oneerlike persoon; vuil persoon
**snuiter:** kind
**sondagskind:** gelukkige kind
**sondebok:** persoon op wie die skuld van ander gelaai word
**spotvoël:** spotter
**suiplap:** dronkaard
**suurknol:** 'n nors persoon
**swartskaap:** ongunstige in 'n familie
**tater:** vabond; kaffer
**teerputs:** vuil of slordige persoon
**telegraafpaal:** lang, maer persoon
**tjankbalie:** kind (persoon) wat baie huil
**tjekboekboer:** boer wat nie self werk nie
**toet:** niksbeduidende persoon; papbroek
**tor:** onbeskaafde vent; niksnuts
**trap-in-die-water:** 'n lomp, onhandige persoon
**trekpleister:** beminde; geliefde
**twak:** niksnuts
**uilskuiken:** domkop; dwaas; gek
**uilspieël:** grapmaker; platjie; karnallie
**vlag(s)waaier:** persoon wat net kan groot praat en niks verder doen nie
**voëlverskrikker:** 'n baie lelike persoon
**voorbok; voorperdjie:** leier
**vuurvreter:** dweper; heethoof
**werkesel:** persoon wat baie, aanhoudend werk
**windbuks:** grootprater; windlawaai
**windorrel:** praatsieke persoon
**wynvlieg:** suiplap; dronkaard
**wysneus:** beterweter; pedant